BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA – AFDELING TYGERBERG

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE DU TOITSKLOOFHUT OP SATERDAG, 7 FEBRUARIE 2009 OM 17H00

1. **VERWELKOMING**

Negentien opbetaalde lede was teenwoordig en 'n kworum is verklaar.

Die Voorsitter, Christo Dippenaar verwelkom al die lede en besoekers.

2. **AGENDA EN VERSKONINGS**

2.1 Die agenda, soos versprei, is eenparig goedgekeur.

2.2 Die volgende verskonings is ontvang:-

Dalene Stamper	Febe Nieuwoudt	Verwey Wiese
Owen Spalding	Hanlie Spalding	Deon Moller
Suna Louw	Mariana Rabie	Marguerite Holzhausen
Susanne Strydom	Rudi Herre	Hannes Truter
Jasper van Breda	Wouter Thom	Ferdie Botha
Linda Naude	Adriaan Haupt	Kobus Marais
Irene Vermeulen	Andy Vermeulen	Maretha Kruger
Liza Schlebusch	Ron Jacques	Yusuf Gamieldien
Johann Benkenstein	Erica Benkenstein	Johan Botha
Elmien Botha		

3. **NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**

Die notule van die Algemene Jaarvergadering van 9 Februarie 2008 word aanvaar en goedgekeur.

4. **VOORSITTERSVERSLAG**

Die Voorsitter bevestig dat die jaareindsyfers van lede soos volg is:

Volwassenes 91
Juniors 12
Ere lede 2
Poslede 1
Bedankings gedurende die jaar . 3

Die ledetal het redelik konstant gebly. Dit is egter nodig om die Bergklub aan jonger lede bekend te stel. Ter ondersteuning van hierdie voorstel, het Hannes Truter, lid vir stap, vyf graad 7 seuns na die Limietberghut geneem. Hy het hulle oor die berge geleer, hoe om verskillende knope te maak, raad gegee oor stap en bergklim en hoe om indringer plante te vernietig. Hy het Coca Cola blikkies weggesteek en die seuns moes met behulp van GPS-koördinate daarvoor soek. Dit was 'n baie suksesvolle uitstappie en meer uitstappies van hierdie aard moet aangemoedig word.

Vyf-en-twintig van die geskeduleerde 28 stappe het plaasgevind. Die Voorsitter bedank die stapleiers vir al hulle tyd wat die reël van hierdie stappe in beslag neem.

Die klubaande is goed ondersteun en Ferdie Botha is spesiaal bedank vir die moeite wat hy gedoen het met ‘n baie suksesvolle skyfievertoning van fotos wat deur staplede geneem is.

Die potjiekos- en braaivleisgeleenthede was weereens baie gewild en klublede wat as gashere opgetree het, is bedank .

Ferdie Botha het gedurende die jaar, weens gesondheidsredes, as redakteur van die Bergnuus bedank en Mariana Rabie het by hom oorgeneem. Die Voorsitter bedank haar vir haar insette en vir die plasing van die afdeling se stapnuus in Dinsdae se BuiteBurger.

Die Voorsitter bedank ook die bestuur vir hulle ondersteuning gedurende die jaar en deel mee dat hy nie weer verkiesbaar is nie en ook as lid van die Bergklub bedank.

5. **TESOURIERSVERSLAG**

Die Tesourier, Evelyn Gates, bespreek die finansiële state en bedank Verwey Wiese vir sy kontrolering en ouditering van die state.

Die totale inkomste vir die jaar was R30 503 en die uitgawes R15 219 wat ‘n wins van R15284 opgelewer het.

Die balans van die lopende rekening aan die einde van die jaar beloop R6 117 en die beleggingsrekening staan op ‘n gesonde R172 133.

Die Tesourier versoek die lede teenwoordig by die AJV om ander lede aan te moedig om hulle jaarlikse lidmaatskapfooie betyds te betaal, aangesien slegs ongeveer 50% van lede hulle fooie tot op datum betaal het.

Aanvaarding van die finansiële state soos aangebied word voorgestel deur Charlie Buckle en gesekondeer deur Frik van Manen.

Die Voorsitter versoek dat die komitee in kennis gestel word van enige verdienstelike donasies of bydraes wat gemaak kan word.

6. **VERKIESING VAN NUWE BESTUUR VIR 2009**

Die bestaande bestuurslede was Christo Dippenaar (Voorsitter), Liza Schlebusch (Sekretaresse), Hannes Truter (Lid vir Stap), Mariana Rabie (Bemarking en nuusbrief) en Evelyn Gates (Tesourier).

Beide Christo Dippenaar en Liza Schlebusch het hulleself nie weer verkiesbaar gestel nie.

Na bespreking is Altus de Wet voorgestel as die nuwe Voorsitter. Hierdie voorstel is deur Anita Stemmet gemaak en gesekondeer deur Claude Steenkamp.

Ludi Basson is genomineer as Vise-Voorsitter, maar hy versoek dat die nominasie oorstaan totdat die volle bestuur verkies is, aangesien hy in ‘n ander portefeulje belangstel.

Gerhard Kritzinger stel voor dat die res van die huidige bestuur herverkies word in hulle bestaande portefeuljes en hierdie voorstel word eenparig aanvaar.

Altus de Wet stel Brigitte Visagie voor as Sekretaresse en dit word gesekondeer deur Erna Kritzinger.

Ludi Basson verwys na sy vroeëre versoek dat sy verkiesing as Vise-Voorsitter oorstaan aangesien hy belanggestel het in die portefeulje van Lid vir Stap. Die posisie is egter gevul en Charlie Buckle stel voor dat hy bevestig word in die portefeulje van Vise-Voorsitter.

Gerhard Kritzinger stel voor dat Ludi Basson Hannes Truter in sy portefeulje bystaan.

7. **NUWE SAKE VOORTSPRUITEND**

7.1 Verskeie lede het melding gemaak van die feit dat kommunikasie binne die klub slegs via die elektroniese medium plaasvind. Dit veroorsaak 'n kommunikasiebreuk aangesien verskeie lede nie toegang tot die internet het nie. Verouderde kontakbesonderhede van lede is 'n verdere rede wat geopper is vir die feit dat sommige lede nie korrespondensie ontvang nie.

Daar word besluit dat die bestaande databasis deur die bestuur opgedateer moet word en dat lede hulle voorkeur vir die ontvang van kommunikasie moet aandui. Die bestuur word ook versoek om na die moontlikheid van 'n SMS pakket te kyk as 'n moontlik kommunikasiemedium.

7.2 Claude Steenkamp wou weet of enigiemand kennis dra van 'n geldelike belofte vier jaar gelede aan Afdeling Kaapstad vir 'n serwituut by Klein Winterhoek of Sneeugat. Gerhard Kritzinger voel dat dit aanvaar kan word dat die projek afgestel is weens die feit dat hulle nooit vir die geld gevra het nie.

7.3 Die Voorsitter bedank weereens die bestuur vir hulle harde werk en vir die ondankbare take wat hulle soms verrig. Hy bedank ook voorlopig die nuwe bestuur vir hulle bereidwilligheid om die klub te bestuur en wens hulle alles van die beste toe.

7.4 Erna Kritzinger nooi die uittredende Voorsitter na alle toekomstige klubaande, ten spyte van sy bedanking as bestuurslid en lid van die Bergklub.

8. **STAPPROGRAM - SONDAG 8 FEBRUARIE 2009**

Gerhard Kritzinger, stapleier vir die Elandskloofstap die volgende dag, was in besit van die nodige permitte, maar deel mee dat die stap nie sou plaasvind indien die buitengewone warm toestande die volgende dag sou voortduur nie.

9. **AFSLUITING**

9.1 Die reëls vir die braai by die hut is aan almal gekommunikeer.

9.2 Lede en/of besoekers wat in die hut sou oorslaap, is versoek om hulle name in die boek by die ingang te skryf en die nodige toegangsfooie vir die hut te betaal.

9.3 Altus bedank almal vir hulle vertroue om hom as Voorsitter te verkies en vra dat alle lede moeite moet doen om die lidmaatskap van die Afdeling uit te brei, maar beklemtoon dat die klem nietemin op kwaliteit eerder as kwantiteit moet val.

Die vergadering word om 17h40 afgesluit.